**Want so lief het God die wêreld gehad**

**Joh 3:16-21**

**2 Maart 2025**

1. Vantevore: Om deel van God se koninkryk te wees, moet iemand van bo gebore (wedergebore) wees uit water (gereinig in die Here Jesus se bloed, geregverdig wees) en uit die Gees (geheilig word deur die Heilige Gees) – verg werk van die Seun en die Heilige Gees
2. Joh 3:16-21 – oordenking van Johannes o.l.v. die Heilige Gees na die gesprek met Nikodemus
    a. Fokus op die menswording van die Here Jesus
3. Wat het God gedring om Sy Seun mens te laat word? (Joh 3:16)
    a. "gegee het" (v16) = "na die wêreld gestuur" (v17) = menswording van die Here Jesus (vgl Joh 1:1, 14)
    b. Unieke Seun = Een en enige Seun van God, dit is die Here Jesus
    c. God se liefde het Hom gedring om Sy Seun te stuur
        - Liefde is belangrike tema in Johannes (Joh 3:35, 14:31, 13:1b, 14:21a, 13:34a, 14:23b, 1 Joh 4:16)
        - Dit is God se liefde vir die wêreld (sondegevalle mensdom in opstand teen God) wat Hom gedring het (vgl Joh 1:10)
    d. God se liefde vir die wêreld vs gelowiges moet nie die wêreld liefhê nie? (1 Joh 4:15)
4. Wat is God se doel met Sy Seun se menswording? (Joh 3:16-28)
    a. 4 Aspekte rakende God se doel:
        - Sodat elkeen wat glo, nie verlore sal gaan nie (v16b)
        - Sodat elkeen wat glo, die ewige lewe sal hê (v16b)
        - Sodat die wêreld deur Hom verlos kan word (v17b)
        - Nie om die wêreld te veroordeel nie (v17a) – sedert Gen 3 is die wêreld reeds veroordeel
    b. Wie trek voordeel uit die menswording? Die gelowiges (v16, v18, vgl Rom 3:22, Ef 2:8)
    c. Gelowiges (v16) vs die wêreld (v17):
        - Wêreld ≠ elke mens; wêreld = van elke groepering
        - Alle gelowiges word uit die wêreld gered
5. Hoekom is God se onderskeid tussen gelowiges en ongelowiges regverdig? (Joh 3:19-21)
    a. Hoekom is geloof regverdige maatstaf? (v19)
    b. "Lig het in die wêreld gekom" = menswording van die Here Jesus (vgl Joh 1:4-5)
    c. Twee moontlike reaksies:
        - Sommiges haat die lig (v19-20): verkies om in die duister te bly, wil nie ontbloot word nie
        - Sommiges kom na die lig (v21): leef volgens God se wil, wil dat hulle dade bekend moet word – want dit is <u>in God</u> gedoen:
            - Heilige Gees het geloof gewerk, na lig gebring
            - Die Seun het versoening gedoen vir enige nie-perfekte daad
            - Die Heilige Gees dring hulle om te doen wat God wil
    d. Mense wat na die lig kom vertoon God se werk – dit is geloof (gewerk deur die Heilige Gees) wat hulle aan die Seun en Heilige Gees laat vasgryp
6. Afsluiting
    a. Die Here Jesus en Heilige Gees verander mense tot Sy eer